26 Julie 2020

FAMILIE TUISBLAD

Rom. 8:26-39

ons storie

Baie keer beleef ons swaarkry en teenspoed as iets wat ons wegneem uit die liefde van die Here.
Praat as gesin 'n bietjie oor die swaarkry en teenspoed van julle familie of gesin. Soms is dit voor die handliggende groot goed maar soms is dit ook klein onopmerklike dinge.
Maar seker dat almal 'n kans kry om oor die swaar te praat

ons nuwe storie

Gaan weer terug na die stories van swaarkry en teenspoed wat julle vroeër met mekaar gedeel het. Vra by elkeen van die stories: "Hoe was die Here by julle?"
Julle sal verstom staan oor die liefde van Jesus in hierdie tyd van swaarkry maar 'n mens moet maar daarvoor soek!

GOD se storie

Die gedeelte herken een waarheid en dit is dat swaarkry deel van ons bestaan kan wees. Daar is geen waarborge dat teenspoed en swaarkry vir jou gespaar is nie. Inteendeel die einde van ons almal se lewe is die dood en die dood is altyd erg.

God belowe egter dat in die teenspoed en swaarkry Hy altyd by ons sal wees. Hy sal ons bystaan en vir ons sy liefde wys. Daar is regtig niks wat ons van sy liefde kan skei nie! Die gedeelte skryf dit in 'n oordrewe en uitgebreide vorm!

Rituele en gewoontes

Maak 'n plakkaat met al die dinge wat mense kan laat voel die Here het hulle nie meer lief nie.
Miskien kan ons begin by – virusse! Nog een kan wees-min geld of siek voel of eensaamheid ens ens.
Skryf dan aan die bokant van die plakkaat:
Nie EEN van die dinge kan ons skei van die liefde van Jesus nie!